




OM DIE WOORD

uitgawe 01

Die kerk en die media:

Belig vanuit 1 Korintiërs 6:1-8



Regdeur die eeue speel die media 'n belangrike rol in die samelewing. Wanneer daar van media gepraat word, word daar verwys na koerante, radio, televisie en ook sosiale media.

Die doel van die media is om mense op hoogte te hou van alles wat plaaslik en internasionaal gebeur. Dit help mense om bewus te wees van die dinge wat rondom hulle aangaan is, hetsy dit politiek, ekonomie, sport of rampe behels.

In die moderne samelewing het die media 'n toenemend belangrike rol in die openbare gesprek begin speel. Die media gee mense die geleentheid om hulle menings en idees te deel. Op hierdie manier het die media ook 'n rol begin speel in sake wat godsdiens en kerklike kwessies raak. Kerklike geskille en interne konflikte beland dikwels in koerante, op nuus webwerwe en op sosiale media.

Tog moet erken word dat hierdie probleem nie uniek aan die moderne tyd is nie. Inteendeel, reeds in die Nuwe Testament lees ons hoe Paulus 'n soortgelyke situasie in die gemeente van Korinte hanteer.

Tog moet erken word dat hierdie probleem nie uniek aan die moderne tyd is nie. Inteendeel, reeds in die Nuwe Testament lees ons hoe Paulus 'n soortgelyke situasie in die gemeente van Korinte hanteer.

In 1 Korintiërs 6 lees ons hoe Paulus die gemeente vermaan, omdat daar gelowiges was wat mekaar voor wêreldlike howe gedaag het. Paulus maak dit duidelik dat konflik en verskille tussen gelowiges nie in die openbaar voor ongelowiges behandel behoort te word nie, maar eerder intern hanteer moet word.

Hierdie roep egter 'n belangrike vraag op: *Hoe behoort die kerk haar interne sake te hanteer in die lig van die Skrif?*

Hierdie artikel voer aan dat Paulus in 1 Korintiërs 6 leer dat interne geskille tussen gelowiges binne die geloof gemeenskap hanteer moet word, omdat die openbare hantering daarvan die getuienis van die kerk en die eer van Christus kan skaad. Hierdie beginsel het belangrike implikasies vir die manier waarop kerklike konflik vandag deur die media hanteer word.

Tweedens sal daar bepaal word watter teologiese beginsels hieruit voortvloei. Met ander woorde, wat is die aard van die kerk, wat is die rol van kerklike tug en hoe behoort die kerk se getuienis teenoor die wêreld te lyk? Laastens sal daar aandag gegee word aan hoe hierdie beginsels in die moderne samelewing toegepas behoort te word.

| Historiese Agtergrond van 1 Korintiërs 6:1-6

Korinte was 'n groot handelstad en 'n belangrike ekonomiese sentrum in die Romeinse wêreld. Geografies was Korinte tussen twee hawens geleë en het dit as 'n belangrike kruispunt vir handelsdryf gedien. Dit het beteken dat Korinte 'n stad was waar verskillende volke, kulture en uiteraard ook verskillende godsdienste saam bestaan het.



Omdat Korinte 'n handelstad en relatief welvarend was, was dit 'n algemene gebruik dat mense mekaar voor die hof gedaag het, selfs oor klein sake. Die gemeente in Korinte was dus voortdurend blootgestel aan wêreldse idees en gebruike.

Hierdie invloede het veroorsaak dat daar verskeie ernstige probleme in die gemeente ontstaan het, onder andere:

- Verdelings en partyskappe (1 Kor. 1-4)

- Growwe seksuele sonde (1 Kor. 5)
- Misbruik van Christelike vryheid (1 Kor. 6:12-20)
- Konflik oor voedsel wat aan afgode geoffer is (1 Kor. 8-10)
- Wanorde in die erediens (1 Kor. 11)
- Misbruik van die Nagmaal (1 Kor. 11:17-34)
- Misverstande en misbruik van geestelike gawes (1 Kor. 12-14)
- Twyfel en verkeerde lering oor die opstanding van die dooies (1 Kor. 15)

Daarby was daar ook regsake tussen gelowiges wat mekaar voor wêreldlike howe gedaag het (1 Kor. 6:1-8).

Hierdie probleme wys hoe diep die invloed van die samelewing op die gemeente was. In plaas daarvan om hulle geskille binne die geloof gemeenskap op te los, het sommige gelowiges hulle tot wêreldlike howe gewend.

Wanneer gelowiges mekaar voor wêreldlike howe gedaag het, het dit beteken dat interne kerklike sake in 'n openbare forum voor ongelowiges hanteer is. In beginsel is dit baie soortgelyk aan die moderne situasie waar kerklike konflik deur die media in die publieke sfeer uitgespeel word.

Die Teologiese Beginsels



In die lig van hierdie historiese agtergrond kan verskeie teologiese beginsels uit Paulus se argument afgelei word. Hierdie optrede van die gemeente was vir Paulus problematies, nie bloot om praktiese redes nie, maar omdat dit die wese van die kerk raak.

Daarom spreek hy die gemeente baie sterk aan in vers 1: “Durf iemand van julle wat ’n saak teen ’n ander het, reg gaan soek voor die onregverdiges en nie voor die heiliges nie?”

Dit gaan vir Paulus nie primêr oor die vraag of ’n regverdige uitspraak gelewer sou word nie. Paulus is ook nie bloot besorg oor die vraag of ’n gelowige regverdige behandeling sou ontvang nie. Die kern van die probleem lê daarin dat daar nie respek vir die gesag en roeping van die kerk is nie.

Paulus beklemtoon dat die gemeente ongehoorsaam optree teenoor hulle posisie in Jesus Christus. Gelowiges is deur die bloed van Christus vernuwe en is daarom heilig voor God. Tog toon hulle met hulle optrede dat hulle nie vertrou het in die kerk se vermoë om haar eie sake te hanteer nie.

Hier raak Paulus aan 'n noodsaaklike teologiese beginsel oor die aard van die kerk. Die kerk is die liggaam van Christus en word deur die Gees van Christus bewoon.

Deur die genade van God het die kerk al die geestelike seëninge in Christus ontvang (Ef. 1:3; Kol. 3:12-15). Die kerk beskik oor die waarheid (Joh. 14:6), wysheid (Jak. 1:5; Jak. 3:17-18), liefde (1 Joh. 4:16) en die nodige geestelike bronne om haar konflik te hanteer.

Tog gebeur dit dat die kerk nie hierdie gawes benut nie. In plaas daarvan daag gelowiges mekaar voor die “onregverdiges en nie voor die heiliges nie” (1 Kor. 6:1).

Hieruit blyk dit dat daar 'n wanbegrip in die gemeente van Korinte bestaan het. In plaas daarvan om staat te maak op die gawes wat God aan sy kerk gegee het, wend die gemeente hulle tot 'n ander gesag — naamlik die gesag van die wêreld.

Paulus ontwikkel sy argument verder in verse 2-4 deur 'n retoriese kontras te gebruik. Indien die heiliges eendag saam met Christus oor die wêreld en selfs oor engele sal oordeel, behoort hulle sekerlik in staat te wees om die kleiner sake van hierdie lewe te beoordeel. Hiermee beklemtoon Paulus die ironie dat die gemeente wêreldse regters verkies bo die wysheid wat God aan sy kerk gegee het.

Hierdie gedrag dui egter daarop dat die gemeente nie primêr oor die eer van Christus of die eenheid van die kerk besorg was nie, maar eerder oor hulle eie belange.

Dit is ook belangrik om te let op Paulus se gebruik van die woord “onregverdiges.” In hierdie konteks verwys dit na mense wat nie deur Christus regverdig verklaar is nie en wat nie onder die gesag van God se wet leef nie. Hierdie mense het geen deel aan die Koninkryk van God nie.

Daarom lê Paulus sterk klem daarop dat ongelowiges nie geskik om oor sake van die koninkryk van God te oordeel nie.

Dit is belangrik om te verstaan dat Paulus nie hier 'n spesifieke individu kritiseer nie, maar eerder die gebruik om kerklike sake voor ongelowige regters te bring. Paulus begrond sy argument verder in 'n belangrike eskatologiese waarheid: die heiliges sal saam met Christus oor die wêreld oordeel. Indien gelowiges eendag oor die wêreld sal oordeel, behoort hulle sekerlik in staat te wees om kleiner geskille binne die gemeente te besleg.

In vers 7 gaan Paulus selfs nog verder wanneer hy vra: “Waarom ly julle nie liewer onreg nie?”

Hiermee beklemtoon hy dat die behoud van die kerk se getuienis belangriker is as persoonlike reg of voordeel. Gelowiges behoort selfs bereid te wees om persoonlike nadeel te ly eerder as om die eenheid van die kerk en die eer van Christus in die openbaar te beskadig.

Die kern van Paulus se argument gaan dus nie net oor konflik hantering nie, maar oor die beeld van die kerk in die wêreld. Wanneer interne konflikte in die openbaar uitgespeel word, word die beeld van die kerk beskadig en raak dit die reputasie van die Evangelie self. Die kerk se lewe behoort immers die karakter van Christus te weerspieël.


Die beginsel wat Paulus hier stel, is dus nie bloot dat Christene nooit hof toe mag gaan nie. Die dieper beginsel is dat die kerk nie haar interne sake in die openbare sfeer voor ongelowiges behoort te laat beslis nie. Hierdie beginsel het direkte implikasies vir die moderne gebruik van die media in kerklike konflik.

Toepassing in die Moderne Tyd

In 'n sekere sin het die rol van die openbare hof in die moderne tyd 'n nuwe vorm aangeneem, naamlik die media. Koerante, televisie en veral sosiale media maak dit moontlik dat kerklike konflikte binne 'n kort tyd wêreldwyd bekend kan raak.

In 'n media gedrewe samelewing kan hierdie platforms maklik gebruik word om verdeeldheid aan te blaas en kerklike konflik verder te vergroot.

Dit is juis op hierdie platforms waar individue soms ander gelowiges, gemeentes of selfs kerkverbande openlik aankla en waar interne kerklike probleme in die openbaar bespreek word. Hierdie optrede word dikwels geregverdig met die argument dat dit gedoen word “om gehoor te word”.



Wanneer kerklike sake deur die media gevoer word, ontstaan verskeie probleme:

- I. Die Bybelse orde van konflik hantering word geïgnoreer. In plaas daarvan dat sake binne die kerk behandel word, word dit onmiddellik publiek gemaak.

- II. Die kerk se beeld en reputasie word beskadig en bowenal word die eer van Christus word geskend.
- III. Wanneer die media die arena word waarin kerklike geskille uitgeveg word, word die wêreld indirek die regter van die kerk en kry dit die geleentheid om oor heilige sake te oordeel waarin dit geen deel het nie.

Hierdie realiteit maak dit noodsaaklik dat die kerk noukeurig let op hoe sy haar sake hanteer. Die kerk is immers die liggaam van Christus, en wanneer dit oor sy eer en reputasie gaan, behoort die kerk met groot wysheid en versigtigheid op te tree.

Dit beteken egter nie dat die kerk nooit met die media mag kommunikeer nie. Die Skrif verbied nie alle kontak met die openbare sfeer nie. Die punt wat 1 Korintiërs 6 maak, is dat die kerk primêr geroep is om haar eie sake volgens die Woord van God te hanteer. Wanneer die kerk hieraan gehoorsaam is, kan sy haar roeping as lig in die wêreld vervul.

Samevatting

Die probleem wat Paulus in 1 Korintiërs 6 aanspreek, bly vandag verrassend aktueel. Waar gelowiges destyds mekaar voor wêreldlike howe geneem het, gebeur dit vandag dikwels deur die media.

Wanneer interne kerklike konflik in die openbare sfeer uitgespeel word, word die getuienis van die kerk en die eer van Christus in gedrang gebring. Die Skrif roep die kerk daarom op om haar sake volgens die orde van Christus en binne die geloof gemeenskap te hanteer.

1 Korintiërs 6:1-8 dien dus as 'n belangrike riglyn vir hoe die kerk in die moderne tyd behoort te leef. Gelowiges, gemeentes en kerkverbande word vandag miskien minder gereeld voor die hof gedaag, maar word al te maklik voor die media gedaag. Op hierdie manier kan interne konflik vinnig 'n publieke spektakel word.

Die uitdaging wat 1 Korintiërs 6 aan die kerk stel, is daarom nie bloot 'n praktiese vraag oor konflik hantering nie, maar 'n vraag oor identiteit. Die kerk is geroep om 'n gemeenskap te wees wat deur die wysheid, heiligheid en liefde van Christus gevorm word. Wanneer gelowiges hulle geskille volgens hierdie beginsels hanteer, beskerm dit nie alleen die eenheid van die kerk nie, maar dien dit ook as 'n kragtige getuienis van die evangelie in 'n wêreld wat dikwels deur verdeeldheid gekenmerk word.

Bronne

Blomberg, C.L., 1995. 1 Corinthians. NIV Application Commentary. Grand Rapids, MI: Zondervan Academic

Die Bybel 1933/1953. 1953. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika. macArthur, J.F. 1984.

The MacArthur New Testament Commentary; 1 Corinthians. The Moody Bible Institute

Groenewald, E.P. Die eerste brief aan die Korintiërs. Kaapstad-Pretoria: N.G. Kerk-Uitgewers.

Grosheide, F.W., 1953. Commentary on the First Epistle to the Corinthians. The New International Commentary on the New Testament. Grand Rapids, MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company.

Morris, L. 1958. The First Epistle of Paul to the Corinthians: An Introduction and Commentary. Leicester: Inter-Varsity Press; Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.

(Vrywaring: Ek wil hiermee verklaar ek het gebruik gemaak van kunsmatige intelligensie (AI) met die afrond en finaliseer van hierdie artikel.)

Ds. Nardus Buys
Gereformeerde kerk Bothaville.
Om die Woord – Artikels
2026